

PAASFEES

Teks: Gedeeltes uit Matteus 27 en 28

Hulpmiddels:

- ❖ PowerPoint Presentation wat op die webtuiste beskikbaar is of wys prente uit 'n Kinderbybel van die stories waarvan Milla Muis skryf
- ❖ Vere, sand, sade, stokkies/takkies, klip
- ❖ Pottebakkersklei of kleigrond of speelklei (bruin)



WELKOM

“Ek soek met my klein ogies”: Vorm groepies van twee buite. Sê: “Ek sien met my klein ogies iets wat begin met 'n 'A' en eekhorings eet dit.” (Akker) Herhaal met enigiets wat sigbaar is.



WYDING

Sing “Houtkruis”

Stilword: Maak jou ogies toe. Raak stil en fokus op jou asemhaling. Haal drie keer lekker diep asem en blaas stadig uit. (Die leier laat die kinders rustig “wakker” word deur te noem watter dele van die liggaam hulle moet wakker maak.) “Wikkel eers jou tone, wikkel jou regterduim, dan jou linkerduim. Rol jou skouer drie keer vorentoe en drie keer agtertoe. Maak jou linker oog oop; maak jou regter oog oop. Sit gemaklik en wikkel al die wikkels uit.”



WOORD

(Lees die brief van Milla Muis. Gebruik die PowerPoint of 'n Kinderbybel om die volgorde van die belangrike gebeure in die Bybel by die kinders tuis te bring: Die pad wat God met sy kinders loop.)

Hallo! My naam is Milla Muis. Ek kom uit 'n baie interessante familie. My oupa is altyd lief om stories te vertel van waar ons familie vandaan kom.

Baie, baie jare gelede het die Here 2 diere van elke soort geroep om te gaan na 'n ou met 'n baie groot boot. Hierdie man was Noag. My oupagrootjie se oupagrootjie se ooupagrootjie van baie, baie lank terug was een van daardie diere wat geroep was om in die ark te gaan bly terwyl dit so baie gereën het. Eers 'n rukkie nadat Noag 'n duif uitgestuur het wat nie teruggekóm het nie, kon ons weer op droë grond bly.

Die volgende belangrike storie in ons familiegeskiedenis waarvan my oupa graag vertel, het 'n paar honderd jaar later gebeur. My oupagrootjie se oupagrootjie se oupa van baie, baie lank terug moes trek uit Egipte. Hulle het toe al vir 'n paar honderd jaar in Egipte gebly, maar dinge het daar begin verkeerd loop. Daar het 'n man van God opgedaag wie se naam Moses was. Hy het sommer die hele land omgekeer. God het vir Moses gebruik om 10 plae na Egipte te bring. Hierdie 10 plae het my familie oortuig dat hulle op die volgende wa moet spring wat uit die stad gaan. Dit was

nogal Moses wat almal laat wegtrek het. Vir 40 jaar lank het my familie saam met die mense deur die woestyn getrek. Dit was nie 'n maklike stryd vir 'n muis nie, want koelte en kos is maar skaars in die woestyn.

Nog 'n paar honderd jaar later het een van my groot-grootoupas van baie lank terug gesien hoe 'n klein seuntjie 'n reus oorwin met 'n klippe en 'n slingervel. Dit was ook 'n belangrike oomblik in my familie se geskiedenis, want hierdie klein seuntjie het later 'n belangrike koning geword!

Die heel grootste dag in my familie se geskiedenis was weer 'n paar honderd jaar later. My oupagrootjie se oupagrootjie het onder 'n olyfboom op 'n berg met die naam Golgota gesit. Hy het toe daar 'n Man op 'n vreemde soort boom vasgespyker gesien. Die boom was regop met net twee takke wat na elke kant toe uitstrek. Hierdie Man het daar gehang en gesterf. Mense het gehuil en was baie hartseer. My voorgeslagte vertel dat die aarde gebewe het toe die Man sterf. Daardie oor-oupagrootjie van lank gelede het toe die mense gevolg wat die Man kom haal het om te begrawe. Hy het agter hulle aangeloop na die graf en buite die ingang gewag. Vir drie dae het hy daar naby die graf gewag, nie seker hoekom nie. Op die oggend van die derde dag het hierdie groot-oupagrootjie gesien hoe 'n vrou na die graf gaan. Hy het die vrou agtervolg en gesien dat die klip wat voor die graf was, weggerol was en die graf was leeg. Die Man was nie daar nie. Al wat in die graf oorgebly het, was die doeke waarin die Man toegedraai was. Die Man wat uit die graf opgestaan het, se naam was Jesus.

Die Sondagaand toe my oor-oupagrootjie van lank gelede stap om slaapplek te soek, het hy stemme uit 'n gebou daar naby gehoor. Hy het toe vinnig opgeklim by planke wat buite die huis gelê het en hy het ingeloer. Binne-in die huis was die dissipels vrolik besig om te gesels met 'n Man. Toe hy nader gaan, sien hy die Man met wie hulle gesels het, was Jesus. Jesus het tussen die dissipels gestaan en vir hulle gesê: "Vrede vir julle!" Nadat Hy dit gesê het, het Hy Sy hande en Sy sy vir hulle gewys. Die dissipels was baie bly toe hulle sien dit is die Here. Jesus het opgestaan; Hy het werklik opgestaan.

Groete,

Milla Muis

Die kinders kry tyd om oor die verhaal te dink:

1. Ek wonder hoekom Jesus gesterf het.
2. Ek wonder hoekom Jesus opgestaan het.
3. Ek wonder wat is vir jou die beste deel van hierdie verhaal.



WERSKAF

- ◆ **Storiesakkies met die tydlyn:** Maak vooraf vir elke kind 'n sakkie (kardoes-, plastiek- of lapsakkie). In elke sakkie kom die volgende items: Veer – Noag; Sand – Woestyn; Sade x 5 – Dawid; Stokkie/takkie – Kruis; Klip – Leë graf. Die kinders kan dan sommer op die grond al die items in volgorde uitpak. Andersins kan jy vooraf 'n kartonnetjie ook in die sakkie sit. Gee dan vir hulle gom om alles in volgorde op die karton vas te plak.
- ◆ **Tuin en leë graf:** Tel items in die natuur op. Maak 'n tuin en graf deur gebruik te maak van soutklei (of regte modderklei) en natuur items. (Gebruik die foto's as inspirasie.)
- ◆ **Broodjies:** Koop winkeldeeg en rol dit in klein bolletjies. Sit een klein Rolo-sjokoladetjie in die middel van elke bolletjie en druk die bolletjies toe. Bak 15-20 minute in 'n oond wat vooraf verhit is tot 180°C. As die broodjies afgekoel het, laat die kinders dit oopbreek en die “WOW” ervaar van Jesus wat uit die dood opgestaan het.

Sluit af met die seënbede.

